www.moederkerk.co.za / www.kruiskerk.co.za

338 jaar van genade
1686—2024

'n Rivier van Lewende Water

NGK Stellenbosch

# Gemeenteblad

Volume XXIV: Nr 1: Eerste Semester: Ná Pinkster kom Koninkrykstyd! 2024

**Kyk binne vir:**



"Totsiens, Gemeente!" 3



International Fellowship 4



Werkende Jongmense 5



Stellumthombo Lees 6
Masandise Hulp 8



Kruiskerk Kronieke 9
Tienerkerk 11



Families & Kinders 12

# Pinkster: 'n Tyd van Vernuwing

Die klassieke verlange van Pinkstertyd lui *Veni, creator Spiritus!* oftewel, "Kom, Skeppergees!" Dit is juis met Pinkstertyd dat ons die skeppende en herskeppende werk van die Gees vier en oordink. Met die oog hierop was die tema van Pinkster vanjaar "Pinkster en die boek *Prediker*: *ḥokhmah* (wysheid) vir genesing." Prediker is nie 'n voor die hand liggende keuse van 'n Bybelboek om gedurende Pinkster te oordink nie. Herskepping is wél 'n tema wat by Pinkster pas. En dit was juis met die oog op die herskeppende potensiaal wat opgesluit is in hierdie Bybelboek dat dit gebruik is. Wat die Prediker verken, is 'n soeke na die soort wysheid wat met genesing kan help.

Die antropoloog Ronald Grimes definieer genesing ("*healing*") soos volg: "*To be cured, is to be fixed. To be healed, is to be reconnected.*" "*Curing*" hoort tuis in die domein van die Gesondheidswetenskappe. Mediese dokters help ons daarmee. "*Healing*" kom weer tuis in die Teologie: dis die werk van die Gees. Ons vraag was dus hoe die wysheid wat in *Prediker* opgeskryf is vir moderne mense help in hulle soeke na genesing, die soort genesing wat die Gees van God in Pinkstertyd aan ons wil toesê.

In die eerste verse van *Prediker* verklaar die skrywer dat alles sinloos is, net 'n gejaag na wind. En teen die einde van die boek herhaal hy hierdie stelling. Die oplettende leser sien egter dat die Prediker homself



in die loop van die boek voortdurend "weerspreek" — "eet jou brood met vreugde"; "geniet die tyd met mense vir wie jy liefhet", "doen jou werk

*Vervolg op 2*

## A double tragedy: Searing fires and raging winds

For three days in April the Uniting Reformed Church In Africa (URCSA), Kayamandi, was giving out clothes and food to the people of the Kayamandi community who lost almost everything in the weekend of 6 to 9 April because of raging fires and terrible wind in the Western Province.

We did this with help from the Dutch Reformed Moedergemeente, the members and ministers of this church, who wholeheartedly gave food, clothes and blankets from the members of this church.

We are also grateful for the international donations made by colleagues like Prof Rudolf Von Sinner, who didn't wait for explanations of this double tragedy, but willingly donated something towards humanitarian needs.

My motto is, a Pastor is not only a Pastor to those who belong to his/her church, but a Pastor is called to serve the community in such a time as this ...

Thank you and blessings to all of you; the need is still huge, we couldn't help everyone in these few days ...

Best wishes
Sipho Mohokoto
Pastor at URCSA Kayamandi


*Pictures on 2*


met oorgawe.” Indien ’n mens die lewe vanuit ’n sekere hoek benader, nou ja, dan kan jy wél anders kyk na ons oënskynlik sinlose bestaan. En só ontdek ons dat die Gees van Christus ons help met die herstel van ons verhouding met God, met onsself, met die wêreld rondom ons en met ander mense. Dít is die soort genesing wat sin gee aan ons bestaan. Daarom, en met ’n verlange na genesing in hierdie lewe: *Veni, creator Spiritus* — Kom, Skeppergees, kom en herskep ons verhoudings met God, met onsself, met die wêreld, en met ander!


*Cas Wepener*

*o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o*

## The Kayamandi Disaster in pictures







**Só het die winde huise verwoes. En in die agtergrond woed ’n groot brand. Dit verdonker die uitspansel. En toe begin dit reën!**



**En toe stroom die klere en komberse in!**











**Bo**: Die foto’s van die verwoesting is deur een van die Masandise studente geneem. Dit was haar huisie. Met behulp van die gemeente se Uitreikfonds kon sy haar huisie binne minder as twee weke herbou.

*Sien hierbinne, op bladsy 5.*

Daar word gesê dat elke inwoner van ’n informele huisie (“shack”) kan verwag om drie keer in sy / haar leeftyd alles weens brande of storms te verloor. Bid – en werk – vir ekonomiese groei in S.A., sodat armoede verlig kan word, mense permanente werk kan kry en ’n stabiele samelewing kan ontwikkel, met baksteenhuise vir almal.

*Intussen: Gaan lees Matt. 25: 30-35 weer!* **Red.**

**RICHARD GROET**

## "Totsiens, Gemeente!"

Ek het die voorreg om, waar ek by 'n tafel in ons hoofslaapkamer sit en stiltetyd hou, die hele Stellenbosch berg te sien, met die kruis so halfpad na boontoe. Male sonder tal het dit gebeur dat ek die kruis op die berg sien en dan kom daar 'n miswolk wat die kruis heeltemal laat verdwyn. Dit is vir my 'n baie sterk beeld van hoe ons soms God beleef. Soms is Hy heeltemal sigbaar, maar soms sukkel ons om Hom raak te sien in ons lewens. Hoeveel keer het ek al na die berg gekyk en vir God gesê: "Here, al sien ek U nie, weet ek dat U wel nog steeds daar is."




Hierdie metafoor laat my dink aan Psalm 90 as Moses skryf (verse 1-2): "Here, U was vir ons 'n toevlug van geslag tot geslag. 2. Voordat die berge gebore is, voordat U die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God!"

Na 19 jaar in Moeder- en Kruiskerk het dit tyd geword om te groet. Ons (ek en my gesin) getuig saam met Moses dat hierdie God ook ons toevlug was en dat Hy van ewigheid tot ewigheid God is – selfs ook as ons Hom nie so duidelik sien nie.

Alhoewel die woorde dalk hol of leeg kan klink, wil ons vir almal dankie sê wat ons bemoedig het, aangemoedig het, ondersteun het, vir ons gebid het. Julle sal altyd 'n baie spesiale plek in ons lewens hê. 'n Mens gooi immers nie 19 jaar sommer net so weg nie.

Ek wil daarom saam met Moses in Psalm 90:17 die versugting uitspreek: "Laat ons die goedheid van die Here ons God belewe. Hou die werk van ons hande in stand, ja, die werk van ons hande, hou dit in stand".

*Dankie, Moeder– en Kruiskerk. Aan God al die eer!*

**Richard van Wyk en gesin**




**MOEDERKERK SE SONDAGOGGENDE-MUSIEKFEESTE**

## Gebed sonder woorde: musiek-improvisasies van Zorada Temmingh

As 'n mens op 'n Sondagoggend in die Moederkerk instap, word jy skielik bewus van orrelspel wat jou tot aanbidding roep. Vir 'n oomblik bring dit jou tot stilstand uit die gejaagdheid van die lewe ... Die atmosfeer en boodskap van die diens wat gaan volg, word reeds vasgevang in die geïnspireerde musiek-improvisasies voor die diens deur die orrelis Zorada Temmingh.

God is buite die kerk oral teenwoordig, in alles wat ons doen, maar soos 'n lidmaat, Frandia Ferreira, onlangs opgemerk het: "Om 'n oggenddiens in Moederkerk te beleef, is om te ervaar 'God is Heilig'." Tydens Lydenstyd kan jy duidelik die lyding van Christus in die orrelspel hoor. Dikwels word die teks en boodskap van die dag duidelik in musiek verbeeld, soos op Sondag 21 April, waar Zorada met die voorspel so treffend met Lied 473 die gelykenis van die mosterdsaadjie uitgebeeld het. 'n Mens kon selfs die Mosterdboom se takke wat groei en uitsprei "hoor". Soms raak haar musiek jou so diep in die hart dat die trane vloei en soms wil jy saam jubel.

Met Kerssangdienste en die Opstandingsdienste voeg Zorada graag koperblasers vir groter feestelikheid by die ensemble. Party Sondae sing Xander Kritzinger of Ronel Spies saam met die gemeente – hul help om klem te lê op sekere woorde sodat die teks in ons skat van wonderlike korale beter verstaan kan word. Ronel voel ook dat Zorada se bydrae tot die erediens onmisbaar is – sy voel dis 'n ware *musiekbediening* wat meer waarde en betekenis toevoeg by die *woordbediening*. Die violis Johanna Roos speel ook graag saam. Dit is vir haar 'n absolute belewenis en unieke ervaring om saam met Zorada tot die erediens te kan bydra.

Zorada se fokus is altyd op die bediening van die Woord en al die musiek wat sy kies en waarop sy improviseer, rig sy op die boodskap wat gebring word. Reeds op die voorafgaande Dinsdag is sy teenwoordig wanneer die predikante die preek en diens wat voorlê, bespreek en bedink. Sondag se erediens begin met haar improvisasies voor die eerste gemeentesang; voor die klokkespel is daar verdere improvisasie. Tydens kollekte-opname speel Zorada weer 'n weerkaatsing van die preek. Soms kan musiek dít wat woorde nie kan sê nie, oordra – dus is dit soms 'n nabetragting; ander kere weer, 'n voltooiing van die Woordverkondiging.

Na die seëngroet verlaat die gemeente weer die pragtige kerkruimte met jubelende musiek – dikwels 'n improvisasie op die slotlied of 'n gedagte wat die diens afsluit en die emosie van die boodskap vasvang. Zorada se orrelspel word beleef as 'n vorm van gebed sonder woorde – dit waaraan woorde nie uiting kan gee nie, dit gee sy weer in musiek.

***JR***




### Iets oor die ander musici:

***Xander Kritsinger,*** *oor wie al baie in die Gemeenteblad geskryf is, is al 'n bekende gesig in die gemeente. Hy het onlangs die* Cape Choral Academy, *met sy voortreflike koor, gestig.*

***Ronel Spies*** *(regs) is bedrywig in Sake-ontwikkeling. Sy neem deel aan* Schola Cantorum *en by geleentheid aan Johan de Villiers se koor. Sy is ook een van die stigters en organiseerders van* Koorinsident, *wat allerhande projekte aanpak, soos onder andere Suid-Afrikaanse komposisies vertolk soos dié van Xander Kritzinger en Pieter van der Westhuizen. Sy stap die Kaapse berge plat.*

***Johanna Roos*** *(links, violis) het saam met haar gesin aan die einde van 2021 Stellenbosch toe verhuis. Na haar studie aan die Royal College of Music in Londen was sy verbonde aan die Yehudi Menuhin skool in Surrey. Sy het vir 17 jaar deeltyds aan die Universiteit van Pretoria klasgegee. Later vanjaar onderneem sy 'n konserttoer met Zorada se seun, Roelof Temmingh. Hul gaan onder andere Roelof se pa se* Vioolsonata *op 25 Oktober in die Endlersaal uitvoer.*

**Johanna is ook die skrywer van hierdie stuk musiekwaardering.**



INTERNATIONAL STUDENTS MINISTRY – "FRIENDS OF ALL NATIONS"

# FANS are flourishing —




— and so are all the Helferses!

Like King David, the international students sang and danced before the Lord, Oct 16, 2023

— and so did the smallest Helferses.



**A happy family**: a Church Retreat at Kleinmond together with the Goosens, the "International Grandparents".

## Pastor Tyler Helfers reports:

It's hard to believe, but our family has been in Stellenbosch – and I have been serving with the International Ministry – for over a year now! The time has seemingly flown by, in no small part because of the many ways God has been at work at Stellenbosch International Fellowship (SIF).

Among other things last year, we had the privilege and joy of baptizing Banele, a first-year student from Mpumalanga, who was previously involved in a cult but found a caring community among the international students and came to faith in Christ through our worship service and Bible study.

This year, we have already welcomed new members and guests from Brazil, Germany, Kenya, Malawi, Tanzania, Ghana, the United States, as well as from South Africa. I recently led a seminar entitled, "*Wisdom and Wonder: On Abraham Kuyper's Contributions to a Christian Perspective on Science and Art*", and we're looking forward to our upcoming Worship of Nations service (2 June) in which we invite people to share songs, dances, poetry, and other aspects of Christian worship from their countries and cultures.

Continued from Column One

I'm also encouraged at the ways God is opening doors for conversational English outreach on campus and for some of our students to help with an aftercare programme at Devon Valley Primary School.

As for our family, everyone is doing well, and Stellenbosch is beginning to feel like home (in fact, we bought a house in Onder Papegaaiberg in November 2023). I enjoy going for runs among the grapevines at Middelvlei Estate and cheering on Stellenbosch Football Club when I get the opportunity.

Christina continues to help with the SPICE Group (supporting spouses of international students) and enjoys time exploring outdoors with several other moms of small children every Friday. Both girls attend, and enjoy, their schools and have made good friends, something for which Christina and I are both incredibly thankful. **T.H.**



**Another happy family:** Karina, Tyler, Christina, Makena




Die Jong-Volwassene-bediening by Moederkerk is altyd aan die verander en groei. Jaarliks verwelkom ons ’n nuwe groep mense en dit bly ’n lekker uitdaging om nuut te dink oor die versorging van jong mense wat ’n nuwe lewensfase betree – dikwels mense wat pas klaar studeer het, ’n nuwe werk begin het, pas getroud is, of nuwe intrekkers in die dorp is.

In 2023 is daar ’n spesifieke erediensgeleentheid geskep vir jong volwassenes om by te woon (*Regs*), en daar word gereeld op ’n Sondagaand om 19:00 in Moederkerk bymekaar gekom om na die week se preek te luister, oor die tema te gesels en bloot saam te kuier.



Veral op warm someraande is daar nie net in die kerkgebou bymekaar gekom nie, maar het ons ook soms piekniekstyl op komberse in die tuin “kerk gehou” (*Links, bo & onder*).

Die kleingroepe vir die jong volwassenes reflekteer ook in baie opsigte die vloeibaarheid van hierdie besonderse bediening – jaarliks vorm daar nuwe groepe (ook soos wat nuwe persone by ons aansluit), maar daar is ook ander groepe wat al vir byna vyf jaar weekliks saamkom.

’n Hoogtepunt van hierdie bediening is die kenmekaar-geleenthede waartydens daar om tafels gekuier word. Hier word vreemdelinge vriende en leer ken jy die gesigte wat Sondae langs jou in die kerkbank inskuif.

*Angelique Havenga*



Indien jy by ons wil inskakel of meer inligting oor hierdie bediening wil hê,
kontak gerus vir Lionel Hutton by:
lionel@moederkerk.co.za

0o0o0o0o0o0o0o0o0o00o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

**MOEDERKERK SE UITREIKFONDS**

# Hulp in nood

Was jy al ooit op Kersdag by Moederkerk se feesdiens? Jy sal onthou hoe daar so ’n groot skare die diens bygewoon het dat daar selfs tot in die straat stoele gepak is. Gemeentelede word elke Kersdag daaraan herinner dat die kollekte sal gaan ter stywing van die gemeente se “Uitreikfonds”.

Waarvoor word die fonds gebruik? Die geld help mense binne ons gemeenskap wat op allerlei wyses swaarkry. Aan die begin van April het ’n geweldige stormwind talle informele huise in Kayamandi platgewaai. Terselfdertyd het daar ’n woeste brand gewoed wat ander huisies verswelg het. Moederkerklidmate het ruim gehelp met klere en komberse. Geld uit die Uitreikfonds kon vir kos en ander noodsaaklikhede gebruik word. Hieroor berig dr Sipho Mohokoto van die Kayamandi VGK volledig op die voorblad en tweede bladsy.

Van Masandise se studente het ook onder die kloue van die wind deurgeloop. Die drie foto’s boaan bladsy 2 is deur een van ons vooglinge geneem. Dit wys wat oorgebly het van haar en haar suster se plekkie die nag van die wind. Haar mentor het daardie nag om 22:00 ’n benoude boodskap gekry wat die omvang van die skade getoon het. Dit was besonder erg vir hierdie twee jong vroue, want die suster onderhou hulle met die verkoop van vetkoek wat sy op ’n stofie binne hulle huisie bak om by die taxistaanplek te verkoop.

Haar mentor kon by die Uitreikfonds se bestuur (die Moederkerk se predikante) om hulp vir Panyasa (’n skuilnaam) aansoek doen, en met die R3000 skenking kon die twee susters hulle huisie herbou.

Meer onlangs het die *Eikestadnuus* berig oor ’n egpaar in Cloetesville wat saam met hulle twee opgeskote seuns in ’n drie meter by drie meter bouvallige houthuisie woon. ’n Buurvrou van die egpaar, ’n besorgde gemeenskapswerker, het die aandag van die publiek op hul omstandighede probeer vestig.

Twee Moederkerklidmate het gaan kyk. Die huisie se vloer het aan die een kant sodanig gesak dat die deur van sy skarniere afgekom het. Groot gleuwe het tussen die planke van die muur gegaap. Die vloer van die 9 vk m vertrekkie is byna geheel en al bedek deur die “ kermisbed” waarop die hele gesin slaap. Dis skaars denkbaar dat sulke uiterste armoede in die origens welgestelde Stellenbosch kan voorkom.

Die vroutjie is tingerig en uitgeteer; sy het al ses maal tering opgedoen. Die gemeenskapswerker was bevrees dat díe arme mammatjie nie nóg ’n winter sal oorleef nie. Familielede wat ook ander pondokkies en ’n tweekamer-baksteenhuisie op dieselde erf bewoon (almal blykbaar werkloos), het gesê dat hulle die huisie sal kan herstel as hulle maar net ’n klomp planke in die hande kan kry, maar dat dit eintlik wenslik is dat die twee seuns in ’n aparte vertrek kan slaap.

Die Gemeente-egpaar het die Uitreikfonds se bestuur genader. Die fonds se skenking van R5000 is aangevul met ’n klein bedraggie van hulle af. Masonite-voeringvelle vir die oorspronklike hut, sementblokke om sy plankvloer en -muur te lig en te stabiliseer, hout vir die raamwerk, spykers, en sinkplate vir ’n dakkie vir die seuns se kamer kon daarmee gekoop word. Die gemeenskapswerker kan by ’n welwillende boukontrakteur sowat dertig houtpalette spotgoedkoop bekom. Dit sal uitmekaargehaal word en vir die mure van die seuns se kamer gebruik word.

Familielede het ingespring en begin om die huisie reg te maak sodat dit ruimer, dig en warm kan wees om die mammatjie binnekort van die Sonstraal-rehabilitasiesentrum af terug te verwelkom. Haar tuberkulose het gedurende Mei, voordat al hierdie reëlings getref kon word, vir die sewende keer toegeslaan.


Bid asseblief vir hierdie gesin, en wees dankbaar dat jy verlede Kersfees ook tot hulle behoud kon bydra. ***Redakteur***

BELEGGING IN KINDERS SE TOEKOMS

# Wat is VKO en hoekom is dit belangrik?

*Die fontein vir Stellenbosch*

Die term *Vroeëkinderontwikkeling* (VKO) verwys na die omvattende benadering tot beleid en programme vir kinders (van geboorte af tot agt jaar oud), hul ouers en hul versorgers. Die doel daarvan is om die kind se regte te beskerm en om hul kognitiewe, emosionele, sosiale en fisiese potensiaal ten volle te ontwikkel. VKO is die grondslag van menslike ontwikkeling, gebaseer op die begrip dat hierdie vroeë jare 'n kritieke tydperk is waartydens die basis vir 'n mens se lewenslange gesondheid, leervermoë en emosionele welstand gevestig word.


Arina meet 'n kindjie

VKO is om verskeie redes krities belangrik. Eerstens, navorsing in neurowetenskap het getoon dat die vroeë jare in 'n kind se lewe díe stadium is wanneer die brein die vinnigste groei en die meeste reageer op die buitewêreld. Hierdie tydperk is deurslaggewend vir die vorming van kinders se kognitiewe denke, persoonlikheid, sosiale gedrag, vermoë om te leer en selfs om hulself as volwassenes te handhaaf. In wese kan die kwaliteit van sorg, stimulasie en voeding wat kinders in hierdie jare ontvang, hul toekomstige sukses en ontwikkeling aansienlik beïnvloed.

Boonop kan VKO-programme, wat kwaliteit voorskoolse onderwys, gesondheid, voeding en spel insluit, aansienlike langtermynvoordele vir individue en samelewings inhou. Dit sluit in beter onderwysuitkomste, vermindering in misdaad en selfs verbeterde ekonomiese produktiwiteit. Belegging in VKO word gesien as een van die mees koste-effektiewe maniere om opvoedkundige prestasie te verbeter, die siklus van armoede te breek en volhoubare ontwikkeling te bevorder.

Met die erkenning van die belangrikheid van VKO het die Verenigde Nasies dit ingesluit as deel van die Doelwitte vir Volhoubare Ontwikkeling, wat spesifiek die voorsiening van kwaliteitgedrewe vroeë kinderontwikkeling, sorg en pre-primêre onderwys as noodsaaklike grondslae vir billike en uitnemende onderwysstelsels wêreldwyd teiken.

Stellumthombo bied opleiding aan VKO-onderwysers in ons gemeenskap en mentering aan VKO-skoolhoofde om kwaliteit onderrig in die vroeë jare te verbeter. Ons bied ook 'n geletterdheidsprogram wat vier- en vyfjariges vaardighede gee om gereed te wees om in graad 1 te leer lees. Vanjaar het ons die voorreg om met ouerondersteuningsprogramme te begin binne ons vennoot-VKO's, om juis daardeur die grondslag vir emosionele en sosiale leer te versterk.

***Arina Scheepers***


Mentering van VKO-skoolhoofde



Onderwyseropleiding

0o0o0o0o0o0o0o0o0o00o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

VRYWILLIGERS MAAK 'n GROOT VERSKIL IN KINDERS SE LEWENS

# Die Stellumthombo Leesprogram

*Die fontein vir Stellenbosch*

Ek is seker ons almal weet dat lees sentraal is vir kinders se leer en ontwikkeling. Met die ondersteuning van 25 toegewyde vrywilligers kan Stellumthombo in 2024 weer eens 'n omgewing skep waar elke kind in ons program se geletterdheidsreis ondersteun word deur stories wat 'n liefde vir lees ontwikkel.

Die leesprogram is egter nie net beperk tot die bladsye van boeke nie. Ons verryk die leerervaring deur aktiwiteite wat ontwikkeling in kernareas ondersteun. Kinders en vrywilligers sal alles doen van paddasprong en *macaroni*-armbande inryg (*sien foto regs*) tot rympies leer om onder meer kinders se ouditiewe persepsie en groot- en fynmotoriese vaardighede te ontwikkel. Hierdie vaardighede is noodsaaklik vir kinders om te kan leer lees en skryf. Dit word op 'n speelse manier by sessies ingewerk.



As koördineerder het ek ook die voorreg om te sien hoe die kinders en vrywilligers deur die loop van die jaar nader aan mekaar kom. Die kinders is altyd opgewonde om te kom saamlees en -speel, en vrywilligers vertel my gereeld dat die leessessies een van die hoogtepunte van hulle week is. Soos wat die sessies voortgaan, sien ons hoe kinders meer en meer selfvertroue ontwikkel en opgewonde raak oor stories lees.

Benewens ons vrywilligers het ons ook onderwysers opgelei om die "Little Stars"-program aan te bied in VKO- (vroeëkinderontwikkeling) sentrums. Hier word kinders al van vroeg af blootgestel aan stories wat 'n liefde vir lees by hulle aanwakker, terwyl daar weer eens gefokus word daarop om ook vaardighede te ontwikkel wat leer en lees bevorder.



Dit bly ons voorreg om 'n rol te speel in die ontwikkeling van kinders se geletterdheid en om 'n liefde vir lees en stories te help bevorder.

***Weybrandt Aucamp***

*As jy 'n uur per week kan afstaan om kinders te help skoolgereed word, nader vir Weybrandt by:*
*weybrandt@stellumthombo.co.za*

'n NUWE JAAR EN NUWE BLOED

STELLUMTHOMBO

# Wiskundeprojek bou op die suksesse van 2023


Eon Venter aan die woord voor die klas

Stellemthombo se Wiskundeprojek het gedurende 2022 ontstaan uit 'n blink idee van een van die direkteure, 'n afgetrede wiskundige wat ook 'n Masandise mentor is. In daardie jaar is twee weke se Matriekwiskundelesse aan slegs sowat 35 Afrikaanssprekende leerders uit Idasvallei en Kylemore aangebied. Klasse is in die Khaya gehou. Die daaglikse formaat was: eers 'n lesing oor die een of ander moeilike wiskundige begrip en dan kleingroeptutoriale wat deur kundige afgetrede onderwysers gelei is.

Skenkings uit die Gemeente het gesorg vir ontbyt en keurige middagetes, asook koffie of warm drankies en beskuit of kolwyntjies. 'n Warm kniekombersie is gebied om die winterkoue te verdryf en leerders wat enduit die lesse getrou bygewoon het, kon dit aan die einde van die kursus saamneem huis toe. Gekontroleerde toetsing het deurgaans daaglike verbetering getoon. Die opvolgweek in die Septembervakansie 2022 was egter minder geslaagd vanweë die skole se eie vakansiereëlings.

In Junie 2023 is sowat 120 leerders in verskeie lokale vir twee weke klasse in beide Engels en Afrikaans onderrig. Hier was 'n herlaaibare leeslamp die lokaas wat goeie bywoning verseker het. So 'n groot aantal het heelwat logistieke uitdagings meegebring, veral wat vervoer en voedsame verversings betref. Min van 'n volle tweejaarleerplan kan egter in so 'n kort tydjie gedek word.

Daarom is daar in 2023 na hierdie tweede en baie geslaagde Junievakansieskool besluit om eerder gedurende die derde en vierde kwartale vir vier middae elke week klasse ná skool in beide Engels en Afrikaans aan te bied. 'n Bekwame deeltydse leerkrag is aangestel, soos in die tweede kwartaal van 2023 se *Gemeenteblad* berig. Die leerders se vordering was fenominaal. Vanweë ander verpligtinge kon die leerkrag egter nie vanjaar voortgaan nie.

'n Namiddag-Wiskundeles in die Kruiskerk-konsistorie ...


... mét verversings!

'n Groot jaarliks standhoudende skenking deur 'n welwillende donateur het dit vir die Stellumthombo direksie moontlik gemaak om die Wiskundeprojek nou as 'n aparte been van Stellumthombo te vestig. Lesse kon dus vroeg in die jaar reeds begin. Die skenking dek onder andere vervoer vanaf verskeie skole in voorheen benadeelde gebiede, besoldiging van personeel en ander noodsaaklikhede. Welwillende lede van die gemeente maak daagliks toebroodjies. 'n Bekwame afgetrede leerkrag bied nou viermaal per week wiskundelesse aan twee groepe leerders: Groep 1 op Maandae en Donderdae, Groep 2 op Dinsdae en Vrydae.

Die logistieke implikasies van so 'n semipermanente reeks aanbiedinge het die aanstel van 'n logistiekebestuurder vereis. Stephanie Witten, 'n regsgeleerde, skryf oor haarself as volg: "*I was blessed to grow up in Durbanville and to have the opportunity of studying law at Stellenbosch University. The law took me on a journey from civil litigation to corporate intelligence to forensic analysis and authorship, but I am once more blessed to be able to return to Stellenbosch and give back to the community that helped define me.*" Sy is verantwoordelik vir die reël van vervoer, versorging van leerders se etes en algemene "*troubleshooting,*" wat beide die onderwyser en Stellumthombo se Bedryfshoof vrystel van die skool se organisatoriese aspekte

Eon Venter (*hierbo*) het twee M-grade in Statistiese Wiskunde (die tweede in die VSA verwerf) en was tot sy aftrede in die sakewêreld betrokke. Kort na sy aftrede is hy deur die hoof van Bloemhof Meisieskool gevra om "net vir 'n kwartaal" te kom uithelp met Wiskunde. Die "kwartaal" het toe negentien jaar geword, maar verlede jaar is sy dienste beëindig, glo "weens sy ouderdom." Hierdie aktiewe "bejaarde" is nou Stellumthombo se Wiskunde-onderwyser. En dit gaan goed!

Die gemeente sien nou al uit na Eon se beloofde grafieke (wat vordering sal boekstaaf) in volgende semester se *Gemeenteblad*.

*Baie welkom aan die "nuwe bloed"! Seënwense op julle belangrike werk word jul toegebid.* **Redakteur**.




**STELLENBOSCH MOEDERKERK**
DROSTDYSTRAAT 2
7600 STELLENBOSCH

TEL: 021 883 3458
FAKS: 021 886 4041
kantoor@moederkerk.co.za
www.moederkerk.co.za

LERAARSPAN
ALLE URE: 074 354 0088
Marie Britz
Jan van Zyl
Irénée Heyns
Angelique Havenga
Lionel Hutton
Johan van der Merwe|
(laasgenoemde is deeltyds)



**REDAKSIE**

Jo-Marie Claassen
021 883 2956
jmc@adept.co,za

Anna du Toit
021 855 2223

Marlene Cloete
021 887 2104

Irénée Heyns
082 461 8564
irenee@moederkerk.co.za

Bestellings:
kantoor@moederkerk.co.za

STELLUMTHOMBO

*Die fontein vir Stellenbosch*

MASANDISE STUDIEHULP

**’n PERSOONLIKE VERHOUDING**

# *Wat beteken so ’n vriendskapsverhouding vir beide partye?*

In baie gevalle is die vriendskap wat tussen studente en hulle mentors ontwikkel belangriker as enige geld wat Masandise aan ’n student se studies bestee.

Byvoorbeeld, Sipho (’n skuilnaam) is ’n skrander jongman uit ’n baie arm agtergrond wie se Rupertbeurs sy studie en koshuisverblyf dek. Hy kry ook ’n maandelikse toelaag van Blessingbucks. Masandise hoef slegs ekstras soos winterklere of -skoene en IT-kostes te dek. In 2022 het hy by SciMathus sy akademiese vaardighede opgeknap en in 2023 was hy eerstejaar (B.Rek.) met ’n nuwe mentor. Hy het vanjaar oorgeskakel na B.Com. (Bestuurstudies: Finansiële Beplanning). Hy was baie gewild in sy koshuis en dien vanjaar ook as mentor vir studente met ’n soortgelyke agtergrond as hy. Sy kamermaat kom uit dieselfde soort agtergrond en hulle kom goed klaar.

Hy het egter baie persoonlike probleme. In sy eerstejaar moes sy destydse mentor hom gereeld raadgee oor sy geldsake. Hy was in Desember 2023 Oos-Kaap toe en toe die familielid wat sy retoervervoer in Januarie 2024 sou betaal, nie geld daarvoor gehad het nie, is hy deur die taxibestuurder afgedreig en gevange gehou totdat sy vorige mentor ’n noodoordrag van fondse kon doen. Hierdie taxi-sage was traumatiserend. Daarby het sy suster (wat die hele uitgebreide familie met haar Checkers-loon onderhou) daarop aangedring dat hy die familie moet begin help onderhou.

Tog het hy moedig voortgegaan, met die hulp en raad van sy huidige mentor, ’n US-personeellid. Sy vertel: *“Hy het nog die hele jaar hard skouer aan die wiel gesit en hy het vir omtrent al sy toetse sover bo 70% gekry, party selfs in die 80%. Hy werk regtig hard.”*

Sy vertel verder: *“Sipho doen baie goed in sy vakke waarin hy berekeninge moet doen, maar sukkel met die teoretiese vakke. Hy het self ’n afspraak by Studentevoorligting gemaak sodat hulle hom kan help met studiemetodes. Hy is positief daaroor en weet dat hy aandag daaraan moet gee. Verder gaan dit ook beter met sy familie, en hulle vereistes. Ons plan is dat hy ’n begroting opstel waarin hy voorsiening maak om by te dra tot hul huishouding, al is dit één brood per maand. Hy voel beter daaroor en hulle ook.*

*“Oor die algemeen gaan dit met sy gesondheid ook goed. Hy het by die Maties Gim aangesluit en gaan gereeld soontoe. Hy het ook uit sy eie by ’n kerk aangesluit, Hillsong in die stadsaal, waar hy baie gelukkig is.*

*“Hy kom loer gereeld by my in en dan gesels ons baie lekker en filosofeer oor die politiek en los die land se probleme op. Ek is bly dat hy voel dat hy sommer kan inval en kom kuier wanneer hy kan. My kantoor is op kampus en hy is altyd welkom.*

*“Ek kan met ’n glimlag rapporteer dat dit met Sipho baie goed gaan. Hy is ’n liewe jongman. As hy met sy studies suksesvol is (wat ek glo hy gaan wees), gaan hy ’n ongelooflike loopbaan hê.”*

Sonder sy Masandise-mentors se raad en hulp sou Sipho nie gewees het waar hy vandag is nie. En sonder ons vriendskap met hom sou ons twee as mentors armer gewees het.

***Ilse de Kock, Sipho se huidige Masandise mentor***
***& JMC, sy 2022-mentor***

**LIEFDESDADE DEUR VELE**

# *Samewerking tussen Vennote*

Masandise het klein begin as ’n beursfonds van Moederkerk om jongmense uit Kayamandi se skoolgeld te betaal, voordat vereiste skoolgeld in arm skole afgeskaf is. Gou het ons agtergekom dat afgestudeerde matrikulante nie verder kan gaan sonder hulp met registrasiegeld by ’n kollege of universiteit nie. Ook het ons gevind dat sogenaamde “eerstegenerasie studente” selfs méér behoefte aan leiding en raad (mentering) het, selfs meer as hul behoefte aan kos- of vervoergeld.

En telkens, as een van ons in die kerk kom praat, of selfs as van die studente kom om vir die gemeente te vertel hoe die Beursfonds hulle gehelp het, het die nodige fondse ingestroom – ’n ware **Rivier van Lewende Water** het uit gemeentelede se beursies en bankrekeninge gestroom.

Daar is in 2016 besluit om die verskillende liefdadigheidsinstansies saam te snoer onder die vaandel van ’n maatskappy sonder winsbejag. Natuurlik moes dit ***Stroom*** of ***Fontein*** heet. En toe word dit geregistreer as die liefdadigheid “**Stellumthombo**” (saamgestel uit die dorp se naam plus die isiXhosa vir “fontein”, *umthombo).*

Ons soek toe na ’n geskikte beskrywende naam vir die beurs- en menteringsbeen van Stellumthombo. Weer kry ons ’n isiXhosa woord wat presies uitdruk wat ons probeer doen: die woord “Masándise” bestaan uit die werkwoordstam *-ando-* “groei”, wat met behulp van voor- en agtervoegsels omvorm is om te sê: “Laat ons [mense] help om te groei!”

Hierdie werk is groter as slegs ons eie geloofsgemeenskap. ’n Aantal jare gelede het die *United Church* gehelp met meubels en toerusting vir ’n Masandise-voogling wat haar babasussie grootmaak na hulle ma se dood met die sussie se geboorte. Meer onlangs het ons bewus geword van *Blessingbucks,* ’n liefdadigheidsorganisasie sonder winsbejag wat ruim kostoelaes aan behoeftige, skrander eerstegenerasie-studente voorsien. Verskeie van ons studente kry nou dié toelaag, wat van ons fondse losmaak en dit vir Masandise moontlik maak om ander studente se losies te kan betaal.

’n Groot donateur is die *Johan en Gaynor Rupertstigting,* wat verdienstelike Suid-Afrikaanse burgers se klasgeld en selfs hul verblyf borg, ná breedvoerige ondersoek na sulke behoeftiges se huislike omstandighede. Die Stigting voorsien ook mentering, maar van ons meer brose studente baat by beide hulle én Masandise se raad. Vir hulle voorsien ons ook in sekere gevalle warm winterklere en ander kleiner dinge waarvoor die Stigting nie voorsiening maak nie.

Sowat twee maande gelede het Masandise ook ontdek dat die Baptistekerk in Merrimanlaan investeer in kort werkgereedheidskursusse, genaamd “*Work 4 A Living*”. Daarbenewens word hul afgestudeerders gehelp om betaalde internskappe te bekom.

Masandise is dankbaar vir hierdie wonderlike vennote in die uitvoer van die goddelike opdrag van *Matteus* 25: 30-35. JMC





Bydraes tot Stellumthombo se verskillende projekte vir 2024-25 word met dank ontvang:

**Bankbesonderhede: Stellumthombo NPC**
**Nedbank Takkode: 107110**
**Rekeningnommer: 113 069 7630**
**Verwysing: *Stellumthombo / Masandise studiehulp***

*Kry belastingvrystelling vir jou donasies by die Kerk se saakgelastigde:*
marianne@moederkerk.co.za

# KRUISKERK-KRONIEKE
# “What is trending?”




**Angelique Havenga vertel:** *Die eerste helfte van 2024 staan einde se kant toe en die studente by Kruiskerk skud hulle vere reg vir die komende eksamen. Ek het met so ’n paar studente gaan gesels om uit te vind wat dié dinge is wat die meeste in hulle gesprekke opduik. Hier is van die antwoorde wat ek gekry het:*




**Sokkies:** Sedert die einde van *Covid lockdown* word daar byna weekliks ’n sokkie in die Khaya aangebied. Dit het in gewildheid toegeneem en die verskeie aksies van Kruiskerk slaan byna vuis oor wie volgende aan die beurt is om dit aan te bied (en sodoende geld in te samel vir die Junie-uitreike).

**Junie-uitreike:** Die aksieleiers het dit goed reggekry om vanjaar ’n goeie *vibe* te skep rondom die Junie-uitreike. Daar word gereeld opgewonde gesels oor wat alles beplan word, wat saamgeneem moet word en hoe om jouself vir die lewensveranderende paar weke voor te berei.

**Balans:** ’n Hele aantal studente het dit duidelik gemaak dat hulle vanjaar besonder baie sukkel om ’n gesonde balans tussen hulle studie en al die ander geleenthede op kampus (en by die kerk) te handhaaf. Dit is nou amper eksamentyd en dit blyk dat hulle studielading tans hoog is!



**Verlowings:** Die seniorkorps van Kruiskerk is van mening dat verlowings op die oomblik ’n groot gesprekspunt is: óf jou vriende is verloof, óf jy wil verloof raak aan jou geliefde, óf jy soek ’n moontlike lewensmaat aan wie jy eventueel verloof kan raak.

**Werkvooruitsigte:** ’n Gereelde onderwerp van gesprek, is dít wat ná jou voor-graadse studie moet gebeur: Moet jy verder studeer? Moet jy aansoek vir werk doen? Waar doen jy aansoek? Hoe doen jy aansoek? Wil jy al Stellenbosch verlaat? Kan jy op ’n ander manier hier aanbly?

**Huisdans:** Huisdansseisoen breek na die vakansie aan, en ’n hele aantal studente is betrokke by hulle koshuis of privaatwyk se beplanning vir dié groot okkasie. Moontlike datums en *venues* word bespreek asook (belangriker nog) wie jou na die dans gaan vergesel.





o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o

## *Finalejaars:*
## *Irénée Heyns*
### *hou sy oor op die grond*




**Finalejaarstudente** by die Universiteit van Stellenbosch het natuurlik heelwat uitdagings wat baie van hul “kopruimte” (*head space*) opneem. Van die finalejaars sê die akademiese druk maak hul grys voor hul tyd – een student het geskerts dat hy dalk al klaar 'n doktorsgraad in stresbestuur kan verwerf. Die eksamens en projekte stapel op, en hul bestee meer tyd in die biblioteek as in hul kamer. Daar is ook nie veel tyd vir kosmaak nie, en kitskos help ook nie juis hul gesondheid aan nie!

**Tydsbestuur** bly vir die meeste ’n groot uitdaging. Een finalejaar vertel dat sy voel soos ’n sirkusnar oor al die balle wat sy in die lug probeer hou – tussen haar studies,’n internskap en ’n deeltydse werk vat sy amper nie grond nie. Haar dagboek is so vol dat sy dit as ’n wapen teen inbrekers kan gebruik! Haar ouers kan haar ongelukkig nie finansieel ondersteun nie; dus het sy nie ’n keuse nie, maar sy is dankbaar vir die geleentheid om te kan swot.

**Finansies** is ’n deurlopende tema wat almal bekommerd maak. Een student het half grappend gesê dat hy dalk ’n lotto-kaartjie moet koop om alles te kan betaal. Benewens studieskuld en buitensporige huurgeld, raak lewenskoste ook nie minder nie, en hul voel dikwels oorweldig. Meer as een student merk op dat hul ook nie die druk op hul ouers wil vererger nie en dit eerder sterk oorweeg om oorsee te gaan om hul studiegeld te kan afbetaal.

Almal, deur die bank, maak melding van **emosionele en sielkundige stres**. Die gedagte aan die grootmenswêreld en werksoek is tegelykertyd opwindend en vreesaanjaend. Hulle stem saam dat die ondersteuning van vriende en familie onmisbaar is om hierdie uitdagings te kan oorleef. ’n Bietjie humor (asook ’n lekker sokkie in die Khaya of ’n lekker aand in die dorp) help hulle ook om dinge in **perspektief** te hou.



STOEPSTORIES

# Ek onthou ’n stoep



Ek is een van Utopia se inwoners wat reeds voor die Tweede Wêreldoorlog gebore is. Tot my sewende jaar het ek en my ma by my oupa en ouma gebly omdat die oorlog my pa ingesluk het.

Aan die voorkant van die huis was ’n heerlike stoep met ’n veranda, ’n muurtjie, rankplante wat in die warm somers van die Noord-Kaap koelte verseker het, en twee banke. Die stoep was die kuierplek, veral op Sondagmiddae. Ons ouderling, oom Lubbe, en sy vrou het gereeld kom kuier. Was dit oor die gemmer-koekies waarvoor hy so lief was? Die geur van moer-koffie was onmiskenbaar wanneer die voordeur oop-gemaak is, al was die kombuis aan die einde van die lang gang.


Nuus oor kinders en naby en ver familie is uitgeruil, maar die groot gesels het oor die oorlog gegaan. My oupa was goed ingelig, want op die Afrikaanse sender, skaars twee jaar oud met die aanvang van die oorlog, het die BBC oor die suksesse van die Geallieerdes verslag gedoen. Daar was aanvanklik net één uur uitsaaityd in Afrikaans en die klank het met sulke deinings gekom en gegaan oor die kortgolf-sender.

Oupa het ook getrou met sy oor teen die groot radio gesit om te hoor hoe Erik Holm oor Radio Zeesen spog oor die Duitse veldslae. Die groot battery wat die radio se krag verskaf het, moes elke nou en dan deur die windlaaier op die dak gelaai word. En ek? Hierdie kleine muisie met groot ore het nie ’n snars verstaan van al die geselsery nie, maar het die gemmerkoekies en tuisgemaakte lemoensap geniet en haar verwonder aan die lang oom met die blink bles en die klein tantetjie met die groot bolla.Vandag se huise het meestal nie stoepe nie, maar dekke. ’n Hele paar van ons in Utopia is geseënd met dekke – lekker bymekaarkomplekke. *Annette Strauss*

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o

BOEKRESENSIE:

# Dapper, uitdagende aanbidding!




Een van die aspekte van gebed wat Tylor Staton behandel in sy boek wat tans Woensdagoggende in die Hofmeyrsaal saamgelees word: *“PRAYING LIKE MONKS; LIVING LIKE FOOLS”*, is dapper, uitdagende aanbidding.. Hy noem dit “*Defiant Adoration*”. Dikwels wanneer ’n mens bid, is jy so bewus van hoe stukkend en deurmekaar die wêreld en ons eie land is. Soms is dinge in ’n mens se eie lewe so deurmekaar dat jy nie weet wat om te bid nie. Wanneer ek dan in aanbidding sê: “Onse Vader ... laat U Naam geheilig word”, dan is dit ’n geloofsbelydenis. Dit help my om te onthou dat God tog in beheer is en dat ek daaraan kan vashou en op grond daarvan kan bid. Gebed, sê iemand ook binne hierdie verband, is die “opstand van die geboë hoof.”

Maar gebed, sê Staton, beteken dat ek in die eerste plek leer om stil te word – inner-lik stil te word: “Wees stil en weet dat ek die Here is” (Ps 46:11). Gebed begin nie by my nie; dit begin by God se uitnodiging aan my. Gebed beteken dat ek begin verstaan dat God se verlange na my groter is as my verlange na Hom. Hy wag reeds vir my. Hy is altyd teenwoordig. Dit is *ek* wat moet stil word sodat ek “*teenwoordig*” kan wees.

Om egter werklik stíl te word, is natuurlik makliker gesê as gedaan! Want, sê Staton tereg: “*We try to import prayer into our hurried lives*.” Om stil te word, is egter iets wat ek kán en móét oefen. Brian McLaren stel voor dat ek begin deur gewoon vir die Here te sê: “Ek is hier, Here; U is hier; ons is hier saam.”

So daag ek met verwagting op by die Een wat my op my naam roep. Staton sê: *“Be still. Remember who God is. Remember who you are. Then do your best to live without getting the order mixed up. That will be enough. That is where you start changing, and as a result, the world around you starts changing too.”*

**Hannes Koornhof**

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o

# Die verskil wat twéé letters kan maak

Op Sondag 12 Mei het Cas Wepener se preek gegaan oor die Prediker se raad aan sy “luisteraars” (lesers) in *Pred.* 9:1-10, dat ons op God moet vertrou en die lewe saam met ons geliefdes moet geniet. Terselfdertyd moet hierdie genot gepaardgaan met innige vertroue op God. Hy haal toe die Latynse digter Horatius se wel-bekende spreuk aan:

“***Carpe diem!”*** Dit beteken letterlik: “Gryp die dag aan!” = “Geniet elke dag!”

Maar, sê Cas toe, in plaas van “*diem*”, moet die spreuk “*Deum*” lui: “***Carpe Deum!***” = “Gryp vir God aan!” = “Met jou hand in God s’n, mag jy die lewe volgens Sy wil geniet!”

Watter verskil maak die verandering van **IE** na **EU** nie—van klakkelose genot na godvresende vreugde! *JMC*

# Uit die Gemeenteblad se Argief

TIENERKERK

Ons het 'n bietjie gaan loer na 'n aantal jare gelede se *Gemeenteblaaie* om te kyk of dinge op die jeugfront in die afgelope 13 jaar baie verander het. Lees en kyk hierna en besluit self: *Hét dit?*

*Onse Hemelse Vader bly genadiglik steeds dieselfde!*

Die God wat van "e's" "a's" maak. Klink dit half snaaks? Die God wat van die einde 'n nuwe begin maak. Van die *END* 'n *AND*. Die "maar" God, wat nooit opgee op ons nie, maar ons altyd vashou en wat oorbegin met mense. Vir vier wonderlike aande het Richard ons van hierdie God vertel en kon ons die Evangelie hoor – en het dit ons getref.









## Jeugweek 2011!

As die krete deur die tent getrek het wat sê: "*Kingdom-time is partytime!*" en, "*It's Friday, but Sunday's coming!*" het ons geweet dat die Here deur sy Gees maar net weereens 'n wonder doen. Die wonder dat ons met gewone mensewoorde iets kan beskryf van die Koninkryk wat in ons harte 'n vastrapplek kan vind. Die wonder wat ons elke keer net weer herinner aan die grootheid van God. Die wonder om meer as 500 tieners elke aand te hoor sing van die grootheid van God, om hulle te sien kom om te hoor van hierdie wonderlike God wat ons dien. Dit is genade onbeskryflik groot.





Dankie aan almal wat Jeugweek vir die sesde keer in soveel jare laat plaasvind het. Dank aan die gemeente vir julle voorbidding en bydraes. Ons kan nie Jeugweek sonder julle hou nie! Ons gebed is dat die impak van Jeugweek oor generasies sal strek. Daarom, tot volgende jaar wanneer ons weer Jeugweek hou, kom ons onthou dat God altyd oorbegin met ons! Leon Cronje



Ook aan die kleintjies het die boodskap van Jesus se liefde gekom

### Onthou Koffiekroeg!

**Woensdae** om 18h30-20h00 by die Hofmeyrsaal en op Facebook by **Koffiekroeg@moederkerkjeuG**



## Abou Ben Adhem

Abou Ben Adhem (mag sy nageslag groei)
ontwaak een nag uit drome wat van rustigheid gloei
en sien in die maanlig wat deur die ruit straal
en die vertrek verryk soos 'n lelie se geurige praal,
'n Engel sit en skryf op 'n bladsy van goud.
Met rustige stem vra Abou die hemelse herout
"Wat skryf jy daar?" — Die besoeker lig sy hoof
en met 'n blik wat vrede en liefde beloof antwoord hy,
"Name van hulle wat vir hul Heer liefhet."
"En is my naam daar? " is Abou se gebed.
"Nee, " antwoord die engel. Abou sê sag,
maar met vrolike stem in die vreedsame nag,
"Dan is hierdie één ding my innige wens:
teken my aan as liefhebber van my medemens."

Die engel skryf en verdwyn. Die volgende nag
kom hy weer met 'n lig soos die dag,
en toon die name van hulle wat hul God met liefde bejeën,
en kyk, Ben Adhem se naam is die heel boonste een!

*Vertaling van 'n Engelse gediggie deur Leigh Hunt geneem uit 'n baie ou Gemeenteblad*

***Leer 'n bietjie Xhosa!***


## Groet-vriendskap

"Soveel tale wat jy kan, soveel male is jy man" (*en vrou!*) lui die gesegde. As 'n mens vir iemand in sy eie taal groet, hoe skeef en krom ookal, is daar dadelik die begin van 'n vriendskapsband. 'n Kelnerin of 'n petroljoggie glimlag breed as 'n mens op Xhosa groet. Neem 'n "middeljaarsbesluit" om 'n handvol Xhosa-frases aan te leer en te gebruik en kyk net hoe dit die verskillende dele van ons gemeenskap sal help bind. Hieronder volg 'n aantal woorde of frases met daarnaas die benaderde uitspraak. *Leer dit gerus en pas toe!*

*Hallo!*: **Molo!** (*een persoon*), **Molweni** (*meer as een*) (mô-lô; mol-whê-nie)
*Hoe gaan dit?* **Kujani?** (koe-dja-nie?)
*Dit gaan goed!* **Ndisapila!** (in-die-sa-pie-la)
*Baie dankie!* **Enkosi kakhulu!** (en-kô-sie ka-koe-loe)
*Ek soek petrol:* **Ndifuna ipetrol** (in-die-foe-na)
*Ek wil my bande laat pomp)* : **Ndifuna ukupompa ama-*tyres*** (in-die-foe-na oe-koe-pompa a-ma-*tyres*— *bloot die Engelse woord, net so uitgespreek*)
*Mooi bly! (as jy vertrek)*: **Sala kakuhle** (saal-a ka-koe-slê)
*Mooi loop! (as hy / sy vertrek)*: **Hamba kakuhle** (ham-ba ka-koe-slê) *JMC*



Nog tieners uit 2011



# Moederkerk se familie- en kinderversorging

Ons gemeente is baie opgewonde oor die kinderbediening vir 2024!



Anele Horn het by ons aangesluit as kategese-koördineerder, en dis 'n wonderlike vooruitsig om vanjaar se familie- en kinderversorging met toegewyde kapasiteit aan te pak. Gedurende die eerste kwartaal het die kleuters en kinders (Gr 1-6) die Sewe-weke-reis wat in die volwassenes se dienste behandel is, ook aangepak. Dit was groot pret en die kinders het sommer baie wys geword oor die wonder van God se skepping soos hulle saam met "Aardewurm" in 'n "Tydboom" in tyd en ruimte "gereis" het.

In die tweede kwartaal reis ons as kategete saam met die kinders deur van die Ou Testamentiese verhale; van Moses in Egipte af, tot by die Israeliete se lewe in die woestyn. Ons word weer bewus van presies hoe God se plan vir elkeen van ons se lewens werk, en hoe God telkemale sy kinders red.




Tydens Sondae se kinderbediening is dit vir ons lekker om te begin met 'n gesellige verwelkoming en lofprysing.

Die kinders, en Chippie (die gemeente se eie eekhoring) sing en dans lekker saam op 'n verskeidenheid Afrikaanse en Engelse geestelike liedere. Hierna verdaag die verskillende graadgroepe gewoonlik na hulle afsonderlike lokale, waar ons saam gesels oor die dag se voorgeskrewe gedeelte uit die Bybel.

Die kleuters en jonger grade span hulle kreatiwiteit in en skep soms pragtige kunswerke wat verband hou met die tema vir die dag. In die ouer grade se groepe probeer ons 'n bietjie dieper gesels oor die toepassing van die tema op hulle eie en hulle gesinne en selfs hul maats se lewens.





Dankie, Gemeente, dat julle ons vertrou met hierdie besonderse gedeelte van julle kinders se geestelike leiding! Indien julle enige voorstelle het, of self betrokke wil raak, kom gesels asseblief!

anele@moederkerk.co.za
Kategese Koördineerder



**Anele Horn** is van 1 Maart af aangestel as die kategese-koördineerder in ons gemeente, vir kinders van voorskools tot Graad 6. Sy is self 'n ma van twee kinders en is passievol oor die leer en leiding van kinders in hulle geloofsreis. Anele het ten doel om huisgeloof te versterk deur kinders en hulle ouers te bemagtig met gemaklike en opwindende maniere om saam die Here te dien.


















**Chippie-portrette uit vorige Gemeenteblaaie: 2016, 2018 en 2020**